

18 April Johannes 18:1-11 (18:11 1953-vert.)

Die Vader se beker

Tye van swaarkry en ontnugtering breek in elke gelowige se lewe aan. Dan is dit 'n vertroosting om te weet dat ons nie nou gestraf word deur 'n blinde noodlot of 'n wrede toeval nie, maar dat ons hemelse Vader met ons aan die werk is. God het sy geliefde Seun die hele ent pad van swaarkry, vernedering en pyn vir ons laat loop. Die Here Jesus moes 'n beker wat soms galbitter was, tot die laaste druppel uitdrink. Sy Vader het Hom die beker gegee en in kinderlike gehoorsaamheid moes Hy dit ledig.

In Getsemane het hierdie beker al hoe bitterder geword, sodat Jesus selfs gesmeek het: "Vader, as U tog maar hierdie beker van my wil wegneem!" (Luk 22:42). Nogtans het Hy volle berusting in sy Vader se wil gevind, sodat Hy later dieselfde nag vermanend aan Petrus kon sê: "Die beker wat die Vader My gegee het, sal Ek dit dan nie drink nie?" Die volgende dag sou Hy aan die kruis die laaste bittere teug uit hierdie lydensbeker neem tot 'n volkome versoening van al ons sondes. Die bekere wat ons kry om te drink kan nooit so 'n bittere inhoud hê as ons Here s'n nie. Sy beker het immers die volle las van die toorn van God teen sy mensheid bevat. U bekere word ook deur die Vader vir u gegee. Hy het 'n doel daarmee tot u beswil. Drink dit dan met berusting en kinderlike oorgawe. Sy Seun, wat self 'n beker moes leegdrink, se genade sal ook by elke bitter druppel se afsluk, vir u genoeg wees.

Sing: Skrifberyming 8:1, 2

Dr. I.L. Bekker (Die Moot)